HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 63 van 2026**

11 Mei 2026

Geagte Ouers / Voogde

**VERPLIGTE TOERISME PAT 2026 (PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK)**

Hierdie brief dien as amptelike kennisgewing rakende die **Toerisme PAT vir 2026**, wat 'n **verpligte komponent** van die Toerisme-assessering vir Graad 12 is.

Die PAT vind plaas op: **Woensdag, 20 Mei 2026 en Donderdag, 21 Mei 2026.**

Leerlinge moet beide dae teenwoordig wees. Die PAT dra 'n beduidende persentasie by tot die finale jaarpunt vir Toerisme (25%) en is dus noodsaaklik vir die voltooiing van die vak.

**Belangrike kennisgewing:** Indien 'n leerder afwesig is vir die PAT, sal hy/sy **nie sy/haar Graad 12 uitslae ontvang nie**.

Die leerder sal 'n **onvolledige** uitslag kry totdat die PAT suksesvol voltooi is. Geen uitsonderings sal gemaak word nie, tensy daar 'n geldige mediese sertifikaat of ander amptelik goedgekeurde dokumentasie is.

**Ons versoek u vriendelik om:**

- Hierdie datums asseblief in u dagboek aan te teken.
- Reëlings te tref dat u kind beide dae by die skool kan wees.
- Ons onmiddellik in kennis te stel indien daar enige voorsienbare probleme is.

Indien u enige vrae het, kontak gerus die Toerisme-onderwyser of die skoolkantoor.

Ons waardeer u samewerking om te verseker dat u kind se akademiese vordering nie negatief beïnvloed word nie.

Vriendelike Randjiegroete

P. Els
Onderwyser
**Hoërskool Randburg Tel nr:** 011 782 6226
**E-pos:** pieter.els@hsrandburg.co.za

P. Booysen
Skoolhoof